

# In die tyd van die Esob

Martie Preller




Iewers in die toekoms is daar ‘n stad waar mense ‘n ordelike en geregimenteerde bestaan voer. Waar almal handel volgens die ongeskrewe reëls van hulle samelewing en nooit vrae vra nie.

*“Die rooison gooi 'n vreemde gloed oor die amfiteater en ons twee mane sit vaal bokant die groot bruin pilare van Deog weerskante van die ingang. Die amfiteater is gepak met mense, uitgenooide gaste alleenlik.”*

*“Die trompette skeur deur die lug met die lied van ons land. Dis 'n lied sonder woorde.”*

*“Oormôre begin die finale toets. Die een wat dit slaag, sal die rooi mantel ontvang. Daardie een sal die wenner wees. Ek sal sorg dat dit ek is ….”*



Jy het *In die tyd van die Esob* gelees…

Het jy dit geniet? Hoekom? Hoekom nie?

Kom ons kyk na ‘n paar elemente van hierdie teks!



# Struktuur

Beantwoord die volgende vrae vir jouself:

**Hoeveel vertellers kon jy opspoor in die boek?**

**Loop die storie chronologies of meer soos ‘n mosaïek in mekaar?**

**Het jy verwarring ervaar toe jy *In die tyd van die Esob* gelees het?**

**Is verwarring ‘n goeie of ‘n slegte ding?**

**Kan jy identifiseer met Nina?**

**Is daar belangrikke besluite wat jy op hierdie punt van jou lewe moet neem?**

# Ruimte

Die ruimte, of milieu, is die agtergrond waarteen die verhaal afspeel, of die werklike plek van handeling

**Wat is die belangrikste ruimtes in *In die tyd van die Esob*?**

**Wat is die verhoudings tussen hierdie ruimtes?**

**Watter rol speel al hierdie ruimtes in Nina se lewe?**

**Maak ‘n tabel om dit saam te vat.**

**Gebruik die volgende twee hofies: “Ruimte” / “Nina se lewe”**

# Karakters

**Die karakters is almal wat in die verhaal optree.**

**Dit kan mense, diere of dinge wees.**

**Watter soort karakters kom almal in *In die tyd van die Esob* voor?**

**Wat kan jy alles sê van die Esob?** (Die verpersooniking van die Bose)

**Nina is 'n** geronde **figuur teenoor die** eendimensionele **Esob.**

**Hoe word die leser ingelig oor 'n geronde figuur? Die skryster gee sekere leidrade, byvoorbeeld:**

- die fisiese voorkoms van die karakter
- wat die karakter sê, doen en dink
- wat die ander karakters van die besondere karakter sê en dink
- hoe die karakter deur die loop van die storie verander, ontwikkel of tot insig kom
- simboliek wat betrekking op die karakter het



# ESOBose

**Dink aan al die bose karakters in die verhaal…**

**ONTHOU – die definisie van 'n karakter!**

# DEOGoed

**Wie/ wat is almal goeie karakters?**




Wat kan jy sê oor hierdie twee prente? Watter vergelykings kan jy tref?

# Wetenskapfiksie

## Lees hierdie paar beskouings oor wetenskapfiksie…

(Aangepas uit werk van Dr. E Kruger)

**“Mensbeskouing: robotte en androïdes, kuberpunk-karakters.”**

**“Verken nuwe wêrelde, idees - kreatiewe uitdrukking van gedagtes, verwondering oor wat moontlik is.”**

**“Optimisme: onverganklikheid van die mens” .**

**“Tyd-ruimtelike verplasing , 'n moontlikheid wat nie te fantasties is nie - realisties maar verbeeldingryk.”**

**“Literatuur van idees wat intellektuele respons van leser ontlok, vereis hoë kognitiewe vlak - leser raak bewus van probleem en begin oplossings soek.”**

**“'n Nuwe bewustheid by leser van wat waar en nie waar is nie.”**



# Sien jy *In die tyd van die Esob* as ‘n wetenskapfiksie verhaal?

**Bespreek die term *postmodernisme* met 3 van jou vriende.**

**Jou onderwyser sal hierna ‘n klasbespreking hou oor hierdie term en jou meer inlig daaroor gee.**



# Martie Preller

Ek is op Potchefstroom gebore - altans - my lyf is daar gebore en het daar grootgeword. Mens se kop/siel/gees - uit of wat jou ook al uniek jy maak, swerf mos maar orals rond - deur al die boeke wat jy lees - deur al die mense se lewens wat jy ken en ontmoet en van hoor, deur alles wat met jou gebeur en wat jy laat gebeur, waar jy is en nie is nie.

Ek het op Potch tale geswot en 'n onderwysdiploma en gaan skoolhou. Hoofsaaklik Latyn gegee, maar ook Engels. Ek is getroud, het drie kinders gehad en is geskei. Soms word wat lyk soos 'n doodloopstraat 'n baldadige hartpad. Ek begin daar êrens by 40 jaar skryf - wat ek nog altyd wou doen en te bang was om te probeer. (Eers swot ek Sielkunde - want sê nou ek kan nie skryf nie? Is ek nou mal om te dink ek kan skryf 'n lewe maak?)

Ek het 'n wye verskeidenheid goed geskryf. Meeste is gepubliseer, maar ek het ook 'n laai vol van daai soort skryfsels wat mens nie mee raad het nie en ook nie wil laat gaan nie.

1996: Sanlamprys vir Jeuglektuur vir *In die tyd van die Esob*

1998: *In die tyd van die Esob* word verkies vir die Ererol van IBBY (International Board on Books for Young People) en verteenwoordig Suid-Afrika by 'n Internasionale Simposium vir Jeugboeke in Indië.


# Publikasies

1990: *Die wind sal weet* (Tafelberg) Vier bydraes vir drama- en prosabundel vir Graad 7
1992: *Jy en die draakakkedis* (J.L. van Schaik) Kies-jou-eie-avontuur vir kinders 8-10 jaar
1992: *You and the dinosaur* (J.L. van Schaik) Vertaling van Jy en die draakakkedis
1993: *Jy en Hercules* (J.L. van Schaik) Kies-jou-eie-avontuur vir kinders 8-10 jaar
1994: *The Friendly Elephant* (Hodder & Stoughton) Deel van die Fountain Series
1994: *Daar's 'n spook in my kas* (Human & Rousseau) Vir kinders 6- 8 jaar
1994: *Nicola B: Streng Privaat* (Tafelberg) Tienerboek
1994: *Jy en Toetenkat* (J.L. van Schaik) Kies-jou-eie-avontuur vir kinders 8-10 jaar
1994: *Anderkantland* (Tafelberg) Tienerboek
1994: *Van die banke op die planke* (Kagiso) Een bydrae in dramabundel vir kinders
1995: *'n Haas moet doen wat 'n haas moet doen* (Human & Rousseau) Vir kinders 8-12 jaar
1996: *Tersia Thom 1: Vriend of vyand* (Tafelberg) Eerste boek in speurreeks vir tieners
1996: *Tersia Thom 2: Die Donkerhoek-driehoek* (Tafelberg)
1996: *Tersia Thom 3: Skerwe in drome* (Tafelberg)
1996: *My naam is Alexander en wat daarvan?* (Kagiso) Tienerboek

**1996: *In die tyd van die Esob* (Tafelberg) Tienerboek**

1997: *Op die spoor van die Lesea-vanger* (Juta) Kies-jou-eie- avontuur - deel van STERREEKS, Graad3
1997: *Droomvangers* (Human & Rousseau) Tienerboek
1998: *Tersia Thom 4: Bloed is die kleur van ivoor* (Tafelberg)
1998: *Maar my magtig, Moesoek* (Tafelberg) Tienerboek
1999: *Perfectly Me* (Cambridge University Press) Cambridge Life Skills Project - Picture Book.
1999: *Vonkfiksie* (Human & Rousseau) - twee bydraes
2000: *Die Balkieboek* (Human & Rousseau) Vir kinders 3- 99
2000: *Babelela* (LAPA) Volkleurprenteboek
2000: *Anderekantland* (Koninklijk Instituut voor de Tropen) Nederlandse vertaling van Anderkantland
2001: *In die tyd van die Esob - 'n Gids* (Tafelberg) Uitkomsgebaseerde werkboek
2001: *Lisa het 'n plan* (LAPA) Volkleurprenteboek
2003: *Eendag was daar 'n storie!* - 'n Praktiese Storiemaakkursus (Tafelberg) Skryfhandleiding
2003: *Ek is Simon* (Tafelberg) Volkleurprenteboek
2003: *I am Simon* (Tafelberg)
2003: *Skilpad sonder 'n dop* (Nasou-Via Afrika Opvoedkundige
Uitgewers)
*Tortoise without a Head*
Die eensame draak (Nasou-Via Afrika Opvoedkundige Uitgewers)
*The Lonely Dragon*
*Daar's 'n spook in my kas* (Nasou-Via Afrika Opvoedkundige
Uitgewers)
*My Cupboard is Haunted*
(Laasgenoemde is n verwerking van Daar's 'n spook in my kas
wat in 1994 by Human & Rousseau verskyn het, en tans uit druk is.)
Bogenoemde drie titels verskyn as sg. "Big Books" vir gebruik in
skole: Graad 1, 2 en 3) Van elke titel is ook "Small Books" beskikbaar.

2003: *Jamie en Sebastiaan* (LAPA) Avontuurstories
vir kinders 6- 10
2004: *Balkie en die Kleurdief* (Human & Rousseau) 'n
Anderste Prenteboek vir mense 3-99
2004: *Die Hart van Zeebak* (Tafelberg) Jeugboek
2004: *Diep, diep in 'n donker bos* (LAPA) ('n Babalela
-"opvolg")
2004: *Afrika Vertel* (Nasou-Via Afrika Opvoedkundige
Uitgewers)
Oorvertelling van Afrika Legendes) Algemene
Leesboek Graad 4-7
2004: *Balkie en die son se slaapplek* (Best Books) 'n
Lees-, Leer- en Taalreis. (Graad 4)
*Balkie and the Sun's Resting Place* (Best Books)
Reading,
Learning and Enjoying Language (Grade 4)
*Balkie en die woeste virus* (Best Books) 'n Lees-,
Leer- en
Taalreis. (Graad 5)
*Balkie and the Vicious Virus* (Best Books) Reading,
Learning and Enjoying Language (Grade 5)
*Balkie en die lugrowers* (Best Books) 'n Lees-, Leer-
en Taalreis. (Graad 6)
*Balkie and the Pirates of the Sky* (Best Books)
Reading, Learning and Enjoying Language (Grade 6)



**Aanbeveling**: *In die tyd van die Esob*
Sanlamprys vir Jeuglektuur 1996

"Werklik wáágsame jeugfiksie, die soort fiksie wat oop-oog uitbeveeg uit die gewone skryfvorme, en wat van lesers verwag om dieselfde avontuur te onderneem, kom nie dikwels voor in Afrikaans nie.

In die tyd van Esob is so 'n soort boek. Dit beweeg letterlik buite die mure van 'n geprojekteerde toekomsstad, waar vier agtienjariges, die uitgesoekte bestes van die jeug uit die leerskool van die "stad met die son en twee mane" nou as finale toets van oorlewingsvermoë buite die stad afgelaai word. Hulle moet deur woestyn, moeras en oerwoud hul weg terugvind, en die een wat eerste terugkom, word dan die wenner van daardie jaar se inisiasiegroep en die draer van die heldebeeld in hierdie stad waar die Esob, dit wil sê die Bose, heers, en die betekenis van die pilare van Deog, dit wil sê wat goed is, reeds verlore geraak het vir die inwoners.

Dis 'n besonder gesofistikeerde verhaal, 'n allegorie wat met een hand teruggryp na die verlede, en met die ander ver na die toekoms uitreik. Dit sê baie dinge oor die aard van hallusinasie en realiteit, oor die ontdekking van die eintlike self in oomblikke van uiterste gevaar, oor die versplitsing van die bedreigde self in valse maskers, in robotte en androïede, én oor die spel van kreatiewe moontlikhede in skrywe self.

Onvolkomenheid en voorlopigheid ook hier 'n rol speel - want die sentrale karakter, wat ook die wenner word, is 'n onvolkome persoonlikheid, en die getekende skryfster van die boek, wat uiteindelik ook in die teks manifesteer, laat 'n duidelike aanwysing na dat die teks ook nog nie klaar is nie. Dis 'n voorlopige verslag oor 'n buitengewone gebeurtenis, dinamies onvoltooid."



"Êrens anders staan twee jong mense in die middel van 'n stad. Die reën is weg, die stad is wit en die lug 'n skoongewaste blou. Van die een pilaar van Deog na die ander span 'n reënboog en die rooi oranje geel groen blou indigo violet is verruklik violet indigo blou groen geel oranje rooi."


Die einde